
*obituary*



# Howard Parkin Botha 1926-1995

Met die skielike heengaan van Howard Botha op 22 Desember 1995, het die mediese beroep 'n geëerde, beminde en kleurryke lid verloor.

Dit is vir my 'n besondere voorreg om eer te bring aan 'n ontslape kollega. Ons dank die Skepper vir iemand soos hy – iemand wat begenadig was om naas vele ander prestasies, deur woord en voorbeeld 'n blywende invloed uit te oefen op die benadering in onderrig van huisartspraktyk as 'n dienende beroep en 'n dissipline in eie reg. Sy invloed sal bly groei en voortleef. Vir my en vir 'n groot getal kollegas was hy mentor en ware vriend wat aan ons beroepsloopbane en ons hele professionele denke en optrede, 'n sterk positiewe rigting-verandering teweeggebring het.

Ekself het as student wat drie jaar sy junior was, vir Howard leer ken as leier en organiseerder van saamtrekke vir wat toe bekend gestaan het as die Mediese Studente Christelike Vereniging. Sy nederige opregtheid as toegewyde Christen was toe reeds een van die uitstaande kenmerke van al sy doen en late. In die blymoedige uitlewing hiervan het hy later sy Godgegewe roeping vervul – of dit nou was as begrypende geneesheer, vriend en vertroueling, of as leier en leermeester. Tot op sy laaste lewensdag en werksdag het hy nog steeds aktief gedien.

Ná kwalifikasie as medikus in 1949 en internskap, het hy aanvanklik in Koster in die Wes-Transvaal en in Koffiefontein in die Vrystaat tot 1956 as huisarts gepraktiseer. Daarna was hy in diens van Departement van Gesondheid in Tzaneen, Pietersburg en Pretoria. Navorsing wat hy oor siektepatrone in die bevolking gedoen het, het tot die doktoraal, MD, gelei.

Van 1962 tot 1975 praktiseer hy as huisarts in Pretoria. Hy raak nou gemoeid met voortgesette onderrig van huisartse en te danke aan sy visie, idealisme en dryfkrag, het hy in 1969 die grondlegger geword van huisartskunde as afsonderlike akademiese vakrigting in die Universiteit van Pretoria se Fakulteit Geneeskunde. Hy was die eerste wat hierdie eerste leerstoel van sy soort in Afrika as professor beklee het – dit

Met die heengaan van dr Howard P Botha gedurende Desember verlede jaar het huisartspraktyk in Suid-Afrika een van die groot geeste in die vakgebied verloor.

Howard Botha kan tereg as die vader van akademiese huisartskunde in ons land (en heelwaarskynlik ook in Afrika) beskou word. Hy het in samewerking met wyle prof H W Snyman reeds in 1971 die Afdeling Huisartskunde van die Departement Voorkomende en Bevorderende Geneeskunde, Fakulteit Geneeskunde aan die Universiteit van Pretoria as Medeprofessor begin. In 1974 word Howard as Professor en Hoof van die selfstandige Departement Huisartskunde aangestel en beklee hy dan ook die eerste leerstoel van hierdie aard in Suid-Afrika en ook in Afrika. Destyds was hy een van net 'n paar professore in huisartskunde in die wêreld gewees. Selfs nadat hy nie meer by die Departement was nie, het hy by akademiese huisartskunde betrokke gebly as dosent en eksaminator. Hy het ook 'n blywende bydrae tot die Afrikaanse vaktaal van die dissipline gemaak deur die talle publikasies wat vanuit sy pen verskyn het.

Die Departement Huisartskunde en die Fakulteit Geneeskunde bring hulde aan Howard Parkin Botha. Sy nagedagtenis sal vir ons 'n inspirasie en rigtingwyser vir die toekoms wees. Ons meegevoel aan Werda en die kinders. Saam met hulle sal ons hom mis, maar nooit vergeet.

***Prof Robert J E Erasmus,***
***Hoof, Departement Huisartskunde***
***Pretoria***

deeltyds terwyl hy nog sy huisartspraktyk beoefen het.

Totdat hy in 1975 voltyds as direkteur: strategiese beplanning tot die Dept. Gesondheid toegetree het, het van hom as professor in huisartskunde, diepgaande beïnvloeding na honderde van sy voor- en nagraadse studente uitgegaan. Ek self was van 1970-1972 een van sy nagraadse studente en het saam met Proff. Reitz en van Staden hom in voltydse hoedanigheid in 1977 opgevolg.

Nie net as praktiserende huisarts en leermeester nie, maar ook as ampsdraer as onder andere voorsitter van verskeie komitees in bestuursliggame van die Mediese Vereniging van Suid-Afrika en as lid van die Uitvoerende komitee van die Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige Raad, het hy sy onderskeie take met onderskeiding vervul. Hy was dan ook vereer met vele toekennings vir voortreflike diens, onder andere die Salus-toekenning (Goud) van die Departement Gesondheid.

In 1983 het hy 'n ernstige hartaanval gehad - so ernstig dat dié wat met sy toestand bekend was, nie sou kon glo dat hy kon bly leef en daarna weer so wonderbaarlik tot die beroep sou terugkeer nie. Hy het ná die moeisame herstel weer tot sy groot liefde, die huisartspraktyk self, teruggekeer. Op sy sterfdag is hy letterlik met sy werkklere aan, hospitaal-toe geneem waar hy ten spyte van 'n tegnies suksesvolle omleiding, weens ruptuur van die ou litteken, onder operasie gesterf het. Ons glo dat die omstandighede van sy sterfte, die wyse was waarop hy sou kies om te gaan.

Sy benadering tot die pasiënt as mens, die beoefening van geheelmens-geneeskunde, sy diepe liefde vir sy beroep, sy vele dankbare pasiënte vir wie hy veel meer as net nog 'n dokter was, die hoë agting van sy kollegas, die wonderlike eggenoot, vader en oupa wat hy was, sy byna onversteurbare kalmte en wysheid, sy presiesheid en deeglikheid, sy wonderlike humorsin, sy egte vriendskap, is die invloede as nalatenskap wat hom vir ons sal laat voortleef. Menslik gesproke, het hy sy lewenstaak oor en oor vervul. Hy het kwaliteit tyd bestee aan al sy doen en late – in sy omgang met mense en veral sy gesin, as kerkman en ywerige student van die Bybel, in sy stokperdjies en sport, in sy akademiese en skrywerstake. Dit was alles deel van hoe hy sy Christenskap prakties uitgeleef het.

Ek weet dat hy sou verkies dat ons vandag saam met die droefheid oor sy verlies, ook soos dit gelowiges pas, opgewek, lewensbly en dankbaar sal wees. Werda het onder trane deur verlede Sondag opgemerk dat as 'n mens hom in die paradys sou wou soek, jy moet rondkyk waar mense vrolik lag - daar sal jy hom vind. So sal ons hom onthou. En so sal hy in ons gedagtes voortleef.

Namens almal in die beroep wat soveel aan hom te danke het, wil ons ons innige medelye aan Werda, sy kinders en kleinkinders en ander familielede oordra.

***Andries van den Berg***

I was shocked to hear the news of the passing of Howard Botha and would like to express the condolences of the Western Cape region to his family.

I first encountered Howard Botha as a fourth year medical student at Pretoria Medical School where he lectured to us on family medicine and served in a voluntary capacity at the Daspoort Poli-Clinic where I had my first real exposure to family medicine as a student.

From the first, Howard's genial personality, his obvious compassion, his profound grasp of the discipline of family medicine and not least his quiet and unflagging determination to further the cause of family medicine, made it clear to me from the start that our field had a leader and champion of the highest order. This initial impression was strongly confirmed in subsequent years as a professional and as an Academy office bearer.

Like many others, I owe a big debt of gratitude to Howard Botha as a great role model and pioneer of family medicine in our country.

***Dr Stanley Levenstein,***
***National Vice-Chairman,***
***on behalf of the Western Cape Region***